# Die "Gemengdheid van die Lewe": Die Kleiner Goed of die Minste Euwel?

***Laetus O.K. Lategan***

> "We're so wrapped up with egotistical things, career, family, having enough money, meeting the mortgage, getting a new car, fixing the radiator when it breaks – we're involved in trillions of little acts just to keep us going. So we don't get into the habit of standing back and looking at our lives and saying: Is this all? Is this all I want? Is something missing?" (Albom, 1997: 65).

*Danie Strauss referred in many personal discussions to what he called "the mixture of life". This expression refers to the mixture between the good and bad of life. Essentialy it embodies the complexity of life. In this article his expression is viewed from the compromise and Burggraeve's view on growth ethics and ethics of the possibility. Two concepts informed the discussion: minus malum (the lesser evil) and minus bolum (the smaller good). The argument is driven that no choice should be made between these concepts but that these concepts can help to address the conflict in borderline situations. This view relates to the compromise in ethics. A compromise has to do with the choice between two conflicting norms in a borderline situation. It then necessitates a choice between one of the norms in a borderline situation. A growth ethics should assist one to grow through the current situation to the desired sitation. The value of a growth ethics is its assistance to deal with the results of the borderline situation after the choice between the lesser of two evils has been made.*

## 1. Danie Strauss en die gemengdheid van die lewe

My vriendskap met prof. Danie Strauss strek veel wyer as ons professionele verhouding. Dit is die dankbare resultaat van verskillende verhoudings waarin ons vir meer as twee dekades met mekaar staan. Hy was onder meer mede-promoter vir my studie in die etiek (*Die kompromie in medies-etiese dilemmas, 1992);* redakteur van die tydskrif waarin ek my eerste wetenskaplike artikel gehad het (Oppervlakte en dieptestrukture in die denke van Etienne Leroux, *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 24(3&4): 67-93); mentor vir my pos as navorsingsdekaan (sedert 2002) en

waardevolle gespreksgenoot vir my navorsingsreeks oor die navorsingsproses (*Research Made Easy, Volumes 1-4,* Bloemfontein: Tekskor).

In al hierdie verhoudings deel ’n mens verskeie professionele en persoonlike situasies met mekaar. ’n Saak waaroor ons meermale op ’n persoonlike vlak gepraat het, was wat Danie Strauss “die gemengdheid van die lewe” genoem het. Hierdie saak het hy die eerste keer tydens die skryf van my proefskrif aangeroer. Meermale het hy opgemerk dat “Niks in die skepping is so goed dat dit nie die skandvlek van die sonde weerspieël nie. Niks in die skepping is so sleg dat dit nie op die goeie orde daarvan parasiteer nie.” Dié opmerking het hy altyd in verband met die “gemengdheid van die lewe” gebring.

As *dominee* is hierdie gedagte ’n besondere invalshoek vir die pastoraat en word met ewe veel vrug in die bediening van die Woord[1] gebruik. As *teoloog* wonder ek dikwels oor die wetenskaplike basis hiervan. Uit my navorsing oor die kompromie het dit duidelik geword dat in situasies waar die “goed” en die “kwaad” van die lewe teen mekaar aanloop, die kompromie ’n mens in hierdie situasies kan help besluite neem en sin gee aan die situasie waarin ’n mens verkeer. ’n Wetenskaplike wyer kyk na die “gemengdheid van die lewe” het die vraag ontkiem of die kompromie die beste of enigste etiese figuur vir sulke situasies is? Dit volg nadat my navorsing oor die kompromie die beperktheid van die gebruik daarvan uitgewys het (sien voetnoot 2) en die ontwikkeling van ’n groei-etiek nuwe moontlikhede vir die hantering van etiese dilemmas geopen het (sien afdelings 2 en 7).
Hierdie artikel wil uit erkenning vir Danie Strauss as wetenskaplike en persoonlike gespreksgenoot die “gemengdheid van die lewe” vanuit die perspektief van die kompromie en die groei-etiek ondersoek.

## 2. Die minste euwel of die kleiner goed?

In die literatuur (hoofsaaklik J. Douma, J.A. Heyns, S.J. Ridderbos en W.H. Velema) word breedweg na die kompromie verwys as die keuse tussen twee konflikterende norme in ’n grenssituasie. In ’n grenssituasie veroorsaak die konflikterende norme ’n botsing van pligte. ’n Keuse tussen die twee konflikterende norme in ’n grenssituasie word dan noodsaaklik. Na hierdie keuse word verwys as die keuse tussen die minste van twee euwels. Dit is waar die kompromie ter sprake kom. In die

1 Tekste soos Genesis 22 (Abraham wat Isak moes offer), Eksodus 1 (die vroedvroue wat teen die Farao se bevel in Israelitiese babas se lewens spaar), Josua 2 (Ragab), 1 Samuel 19:9-17 (Mikal bedrieg vir Saul en red Dawid se lewe), 1 Samuel 21:6 (die eet van die offerbrode), 1 Samuel 21:13 (Dawid hou hom voor die Filistyne waansinnig), ensovoorts skep almal die indruk van ’n kompromie.

kompromie gaan dit dus oor die keuse tussen twee norme (beginsel-positiverings) wat as gevolg van die etiese dilemma nie in dieselfde situasie kan realiseer nie. Omdat die norme in die bepaalde situasie bots, word na die keuse as die keuse tussen die minste / kleinste euwel verwys. Die kompromie is dus ’n etiese besluitnemingsfiguur (sien Lategan, 2002b).

Uit ’n gesprek met die Belgies-katolieke teoloog, Rodger Burggraeve, in April 2006 en na bestudering van sy “groei-etiek” en “etiek van die haalbare” het dit geblyk dat sy omgang met die *minus bonum (kleiner goed) en minus malum (minste euwel)* die verstaan en gebruik van die kompromie voor verskillende uitdagings plaas. Die eerste vraag is of in ’n etiese dilemma vir die minste euwel of die kleiner goed gekies moet word? Die tweede vraag is of daar ’n kwalitatiewe verskil tussen die minste euwel en die kleiner goed is? Die derde vraag is of die kompromie nie ook in terme van die kleiner goed verduidelik kan word nie, of is die kompromie beperk tot die minste euwel? Die vierde vraag is hoe die *minus malum* en *minus bonum* in ’n etiese dilemma die keuse wat gemaak moet word, kan fasiliteer.

Hierdie artikel handel dus oor die vraag na die *minus malum* of die *minus bonum* in etiese dilemmas. Die kompromie sal as etiese figuur gebruik word om hierdie vraag aan te spreek.

## 3. Oogmerk van bydrae en metodologiese oorwegings

Hierdie bydrae is ’n studie in die Christelike etiek. Die ondersoek is uitsluitlik ’n kwalitatiewe studie binne die Christelike etiek. Die oogmerk van die studie is om die kompromie in die konteks van die *minus malum* en die *minus bonum* te ondersoek. Omdat dit primêr ’n bronnestudie is, word geen hipotese geformuleer nie.

## 4. Metodologiese vertrekpunt

Hierdie studie word onderneem in die konteks van die Christelike etiek. ’n *Positivistiese* en *postmoderne vetrekpunt* word dus by voorbaat afgewys. Die standpunt van die positivisme en die postmodernisme ten opsigte van persoonlike en wetenskaplike voorveronderstellings word nie ondersteun nie. Die bestaan van persoonlike en wetenskaplike voorveronderstellings word gebaseer op onder meer Karl Popper se standpunt in “The open society and its enemies” oor “*an irrational faith in reason*”. Wetenskaplike voorveronderstellings in die wetenskap word bevestig deur onder meer Dooyeweerd se *grondmotiewe,* Descartes se *ideae innate,* Chomsky se Cartesiaanse denkstrukture, Troost se *etosleer,* Ricoeur se *ideologie* en Wolterstorff se *data background beliefs*.

Persoonlike en wetenskaplike voorveronderstellings hang saam met geloofskennis en wetenskaplike kennis wat – in die woorde van Van Niekerk (2006:184) “twee ewe legitieme vorme van kennis is.” Hy word verder in sy aanspraak ondersteun as hy opmerk dat dit nie met mekaar verwar moet word of na mekaar herlei moet word nie. Van Niekerk merk verder op dat as die verskillende vorme van kennis nie reg hanteer word nie dan word geloof bygeloof en wetenskap ideologie. Ook in hierdie onderwerp waar dit gaan oor ’n eksistensiële belydenis (naamlik die gemengdheid van die lewe) kan geloofskennis en wetenskaplike kennis help om die onderwerp te ondersoek.

As voorbeeld hiervan kan verwys word na my Christelike etiese vertrekpunt wat binne die Gereformeerde tradisie veranker word. Die Gereformeede beskouing berus op die belydenis oor die verlossing deur Christus alleen (*sola Christo*), geloof alleen (*sola fide*), genade alleen (*sola gratia*) en die Skrif alleen (*sola Scriptura*). Du Toit (2005:206) skryf dat hierdie grondwaarhede van die Gereformeerde tradisie “beskryf die onverdienstelike aard van die verlossing en redding van die sondaar, terwyl die grond van geregtigheid … by God alleen berus.” Binne die Gereformeerde leer speel die gesag van die Woord ’n belangrike rol. Wie buig voor die gesag van die Woord erken die outoriteit van God oor die lewe van die mens en volg die Bybelse neergelegde beginsels vir die mens se lewe. Naudé (2005:134) sê hiervan dat die Woord die basis van ’n mens se geloof is. Hoewel van huis uit Katoliek, verwoord Burggraeve (1997:146) die radikaliteit van die evangelie in die etiek as hy etiek met ’n bergtop vergelyk:

> Ethiek is eigenlijk een bergtocht maken. Het is voortdurend de top in het oog houden. Soms is hij goed zichtbaar, soms ook niet, maar er is en blijft altijd een top. De top is de radicaliteit van het evangelie.

Hierdie beginsels moet nie as rasionalistiese denkkonstrukte verstaan word nie, maar as die uitdrukking van die kern van die Christelike geloof. Dié waarheid bots met die nihilistiese postmodernisme wat geen geformuleerde oortuigings wil duld nie. Om gereformeerd te wees, is om binne die Christelike leer bepaalde waarhede uit te leef wat gebaseer is op hierdie leer. Gereformeerdwees is méér as ’n belydenis: dit is ’n denk- en sienswyse waarvolgens ’n mens sy/haar lewe oriënteer.

Hierdie artikel sluit aan by die Reformatoriese filosofie en by name die perspektiewe ontwikkel deur Strauss. Die aansluiting by Strauss se filosofiese paradigma is nie moeilik nie. Strauss onderskryf ’n Christelike skeppings- en wetenskapsleer. Van belang vir hierdie studie is Strauss (1989:4) se siening van die normatiwiteit vir menslike lewe wat hy terugvind in beginsels as God-gestelde insettinge en bevele vir die menslike lewe.

Beginsels moet toegepas word (positiverings) vir elke situasie. Hierdie positivering, ook bekend as die norm, kan in gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid geskied, normatief of antinormatief, wees. Die beginsel is konstant (byvoorbeeld: *Jy mag nie moord pleeg nie)* terwyl 'n norm na gelang van die situasie kan wissel (dinamies). Geen norm kan dus universiele geldingskrag besit nie (Strauss, 1980: 63-67).

Hierdie metodologiese vetrekpunte veronderstel twee belangrike afleidings vir hierdie studie:

- Die stellings in hierdie studie berus op die argumente van die Christelike etiek. Binne hierdie etiek word 'n premie op die beskerming van voorgeboortelike lewe geplaas. Die standpunt word in die voorbeelde van hierdie studie teruggevind.
- Beginsels kan nie bots nie, maar die toepassing (positivering/ normering) daarvan kan. Dit is meer as net 'n nuanseverskil. Met die standpunt verbreed ek vroeëre sienings dat die beginsels in 'n grenssituasie bots.

## 5. Konseptualisering van die kompromie

Hoewel 'n belangrike etiese figuur, is daar relatief min navorsing[2] oor die kompromie in Reformatoriese perspektief gedoen. As gevolg daarvan is daar onduidelikheid oor veral drie belangrike sake:

- 'n Duidelike konseptualisering *(Wat is 'n kompromie?).*
- Die rol van die kompromie in etiese dilemmas.
- Die kompromie as etiese handeling.

Hierdie tekortkomings het ek probeer aanspreek deur verskeie navorsingsprojekte en publikasies (sien Lategan, 1992; 1995; 2002a; 2000b; 2006). Die nuttigheidswaarde van die kompromie blyk onder meer uit die toepassings wat gemaak is op etiese dilemmas in die mediese-, omgewings-,

---

2 Navorsing (Lategan, 2006) oor die kompromie in die etiek het die volgende vyf sake uitgewys:

- Die kompromie is 'n etiese figuur waarsonder die etiek nie kan nie.
- Die kompromie is 'n eerlike poging om in 'n grenssituasie steeds die beste moontlike etiese keuse te maak.
- Hoewel die kompromie noodsaaklik vir die etiek is, het dit beperkte toepassingswaarde.
- Die kompromie beklemtoon die belangrikheid van etiese besluitneming en die toepassing van hierdie moontlikhede. Dikwels word die etiek verskraal tot die uitwys van morele dilemmas en nie ook die hantering wat dit vereis nie.
- Die kompromie is nie net van toepassing op die etiek nie maar kan ook in die pastoraat effektief gebruik word.

politieke-, militêre-, kuns-, huweliks- en besigheidsetiek. Die voorbeelde is legio: Aborsie, genadedood, staking van verpleegpersoneel, die vertel van die waarheid, gayhuwelike, winsdeling, lae koste behuisingsontwikkelings in ekogebiede, grondregte, besitreg en grondeise, ens. Die navorsing onderneem, het die bydraes van J. Douma, J.A. Heyns, S.J. Ridderbos, H. Thielicke en W.H. Velema in hierdie verband erken. Die resultate waartoe gekom is, kan aan die hand van die volgende konseptualisering en stellings met gepaardgaande toeligting verduidelik word. (Die stellings en toeligting berus op Lategan,1992; 1995; 2002a; 2000b; 2006).

**Konseptualisering**

As vertrekpunt word geneem dat die kompromie *'n onafwendbare keuse tussen twee norme (beginselpositiverings) is wat nie in een situasie gelyktydig gerealiseer kan word nie*. Hierdie botsing van norme as gevolg van die situasie het 'n botsing van pligte tot gevolg. Die kompromie gaan dus om die probleem van *gelyktydige normrealisering* in dieselfde situasie. Om hierdie botsing van pligte te voorkom, word 'n kompromie in grenssituasies aangegaan.

Die skeppingsontluistering van die sondeval kry onder meer gestalte in siekte, lyding, pyn en dood as mens-onwaardige situasies. Die sondeval konfronteer die mens ook met situasies waarin hy/sy tussen twee onaanvaarbare moontlikhede moet kies. Ongeag die keuse sal 'n mens altyd met euwels te doen hê. Dit is 'n euwel om toe te laat dat iemand sterf, maar sinlose lyding is ook 'n euwel. Dit is 'n euwel dat iemand sy/haar menswaardigheid in 'n ongelukkige huwelik verloor maar dit is ook 'n euwel as hy/sy skei. Dit is 'n euwel as 'n vrou verkrag is, maar dit is ook 'n euwel as sy die swangerskap moet volhou. Omdat daar geen ander alternatief as net hierdie twee euwels is nie – dus 'n botsing van pligte – word 'n mens gedwing om die minste euwel te kies. Met die minste van twee euwels word bedoel dat in die gebroke werklikheid die beste keuse tussen twee onaanvaarbare moontlikhede gemaak moet word. *Die kompromie is dus die keuse tussen die minste van twee euwels.* Die euwels verwys na wat die gevolg kan wees indien die norm wat bots, gekonkretiseer word. Oor hierdie moontlike ongelukkige formulering kom ek weer in paragraaf 7 terug.

Die bekendste kompromievoorbeeld is seker die bedreiging van die lewe (en nie gesondheid nie) van die moeder en die ongebore baba indien die swangerskap volgehou word. Die *beginsel* is die heiligheid van lewe wat nie vernietig mag word nie (Eksodus 20:13). Die *positivering* van die beginsel (norm) is die beskerming van die moeder en die ongebore baba se lewe[3]. Indien die situasie hom voordoen dat die volhou van die

swangerskap die lewe van die moeder en die ongebore baba sal bedreig, dan kom die werklikheid van ’n terapeutiese aborsie ter sprake. Om die moeder se lewe te neem, is strydig met die beginsel van die beskerming van lewe. Dieselfde is van toepassing op die lewe van die ongebore kind. Indien die ongebore kind se lewe geneem word, is dit ’n euwel. Indien die moeder sterf, is dit ’n groter euwel vanweë ’n reeds bestaande verhouding (bv. huwelik) en moontlike ouerskap. Dit sou dus ’n groter euwel wees om nie die swangerskap te beëindig nie.

Die ironie is dat in ’n grenssituasie die minste euwel dan as die aanvaarbare optrede vir dié situasie beskou word – iets wat buite die konteks van ’n grenssituasie nie aanvaarbaar sou wees nie. Dit verbeeld die verleentheid van die kompromie, deurdat gekies word vir die minste euwel en die keuse wat dan gemaak word, is die kleiner goed. Die keuse om te aborteer ten gunste van die moeder se lewe is die minste euwel (*minus malum*) en die behoud van net haar lewe is die kleiner goed (*minus bonum*). Die ideal is dat beide lewens behou moet word (*vere bonum).*

Hierdie perspektiewe lei tot die volgende standpunte:

- Wanneer ’n botsing van pligte in ’n grenssituasie beleef word, moet daar noodwendig tussen die minste van twee euwels gekies word. Hierdie keuse wat ’n mens maak, is ’n kompromie.
- Die kompromie kies vir die minste euwel en die keuse wat gemaak is verteenwoordig die kleiner goed. Minste euwel en kleiner goed kan nie van mekaar geskei word nie.

## 6. Die kompromie as keuse en handeling

Die kompromie is ’n daadwerklike *handeling* om ’n etiese dilemma op te los deur ’n bepaalde *keuse* in ’n grenssituasie te maak. Hierdie opmerking word ondersteun deur die kompromie te plaas binne die konseptualisering van die etiek. Hierdie konseptualisering word ontleen aan die Reformatoriese filosofie

---

3 Hierdie studie is bewus van die verskillende kriteria wat vir die begin van lewe bestaan: *inplanting, primitiewe strook, breinfunksie of waarnemingsvermoë, fetale beweging, animasie, lewensvatbaarheid, ens.*
Vir die doeleindes van hierdie artikel word die standpunt ingeneem dat lewe begin met bevrugting (die magiese beginpunt van lewe); die fetus en die embrio is altyd op beskerming geregtig (die status van die menslike embrio), ’n wig moet nie ingedryf word tussen liggaamlikheid en persoonlikheid nie en mediese kategorieë kan ’n mens help om die ontwikkeling van voorgeboortelike lewe te verstaan, maar nie om dit eties te definieer nie. Hiermee word die standpunt dus ingeneem dat lewe Godgegewe en daarom heilig is. Hierdie aksent op die heiligheid van lewe veronderstel ook die beskerming daarvan.

wat die etiek definieer as die studie van morele liefde (sien Strauss, 1969: 60; 79-82). Hierdie morele liefde vir die self, die naaste, die natuur, die kultuur en die struktuur word deur beginsels en norme gedefinieer wat die keuse tussen dit wat reg en verkeerd, goed en sleg is, bepaal (Robbins *et al.*, 2003: 533, 538). Morele liefde noodsaak ’n mens om verantwoordelik op te tree teenoor jouself, ander mense, die natuur, die kultuur en die struktuur. Hierdie lewe veronderstel dat *keuses* tussen reg en verkeerd, goed en sleg gemaak moet word. Dit verbaas dus nie dat etiek dikwels as die keuse tussen reg en verkeerd, goed en sleg verduidelik word (Velema, 1990: 13, Douma, 1983: 10; 11; Mautner, 1997: 180). Mense se keuse vir bepaalde etiese beginsels word deur sosiale gebruike, godsdiens, kultuur, lewensbeskouing, vooroordele, ens. beïnvloed (Grace & Cohen, 1996; Badaracco, 1998). Geen etiek is dus *waardevry* nie. Hierdie waardes word deur etos beïnvloed. Etos verwys na dit wat op die religieuse hart van die mens appelleer en die motief waarom iets gedoen word (sien Smit, 1985: 35). Dit bevestig die punt dat geen etiek waardevry kan wees nie.

Twee kernbegrippe in die definiëring van etiek val op. Etiek is ’n normatiewe *keuse* en ’n *handeling* (uitvoering van die normatiewe keuse). Douma (1983) se verwysing na etiek as *verantwoordelike handelinge* en Fisher se neem van *verantwoordelike besluite* (2001) (“responsible choices”) verwoord die besluitnemende en handelende karakter van die etiek. *Besluite word geneem om normatief te kan optree.*

Toegepas op die kompromie kan ’n mens sê dat die kompromie ’n normatiewe keuse is tussen twee botsende beginselpositiverings, sodat ’n mens ten spyte van die grenssituasie steeds normatief kan optree (handel). Die feit dat ’n keuse gemaak word, beklemtoon die gesindheid van die persoon naamlik dat in ’n grenssituasie ’n mens steeds moet poog om in beheer van die situasie te wees en nie deur die situasie beheer te word nie (gehoorsaamheid). Dit is nie net in die gees van die mens se Christelike roeping[4,5] nie, maar ook ’n eerlike worsteling om in ’n grenssituasie ’n uitweg uit ’n dilemma te vind wat so na as moontlik aan die gewenste

4 Burger (2005:24) verwoord roeping as dat ’n mens se hele lewe aan God behoort en dat ’n mens deur sy/haar lewe onder alle omstandighede in gehoorsaamheid aan God moet leef – ook in die gemengdheid van die lewe. Hy sê verder dat elke nuwe roeping hang saam met ’n nuwe ontmoeting met God. ’n Nuwe roeping bring ’n mens nie net tot ’n nuwe verstaan van hom-/haarself nie maar ook tot ’n dieper insig in die lewe. Op basis hiervan sou ’n mens die afleiding kon maak dat ook in ’n grenssituasie hierdie roeping uitgeleef moet word en dat ook in die grenssituasie en die keuses wat gemaak word, ’n mens tot die besef van ’n nuwe roeping moet kom. Burggraeve se groei-etiek sal hierdie gedagte verder ondersteun.

5 ’n Perspektief wat hierby aansluit, is Bonhoeffer (1968:19) se konsep van *navolging.* Dit beliggaam die gedagte dat deur alle omstandighede in die lewe die mens in

situasie sal wees. Binne hierdie verstaan van die Christelike roeping is die keuse ’n keuse tussen die minste van twee euwels (*minus malum)* en die handeling die uitleef van die keuse wat gemaak is (nou nie meer in ’n grenssituasie nie) (*minus bonum*). In dié sin is die kompromiekeuse dan gerig om by die kleiner goed uit te kom. Hierop kom ons in die volgende twee paragrawe weer terug.

## 7. Burggraeve se ‘Etiek van die haalbare’ en ‘Groei-etiek’

Rodger Burggraeve werk met twee belangrike etiese konsepte, naamlik die *etiek van die haalbare* en ’n *groei-etiek.* Hierdie konsepte moet nie los van mekaar gedink word nie. Hierdie konsepte groei in mekaar in. In die etiek van die haalbare het ’n mens met kwesbare mense te doen vanweë die situasie. Mense in nood moet deur die kwesbaarheid van hulle omstandighede groei. In hierdie omstandighede pleit hy vir ’n groei-etiek of ’n deurgroei-etiek. Hiervan sê Burggraeve (1997:147):

> Het is dan misschien dikwijls een kronkelweg, die in bepaalde omstandigheden hobbelig en onvermijdelijk is, om toch de weg naar het Licht te vinden.

Die etiek van die haalbare en groei-etiek vertrek vanuit die standpunt dat, hoewel ’n mens na die ideale situasie moet strewe, dit nie altyd moontlik is nie as gevolg van die omstandighede (situasie). Dit beteken nie dat as die ideale omstandighede verval dan verval alle etiese gedrag nie. Etiese gedrag moet openbaar word ongeag die omstandighede. Hierdie etiese gedrag moet tot die omstandighede spreek. Binne ’n onvolmaakte wêreld moet daar etiese gedrag vir die onvolmaakte situasies ook wees (byvoorbeeld aborsie, genadedood, saamwoon, die bekamping van vigs, armoede, ens.). Die etiek van die haalbare herinner ’n mens juis daaraan dat etiese gedrag in onvolmaakte situasies nie afwesig moet wees nie. Die groei-etiek begelei ’n mens om vanuit die onvolmaakte situasie na die ideale situasie te groei.

Onderliggend aan ’n groei-etiek is dat die etiese keuse wat gemaak word nie noodwendig die beste keuse mag wees nie, maar dat daarna gestreef moet word om so na as moontlik aan die ideale situasie te kom. Binne die groei-etiek is daar verskeie riglyne wat gevolg kan word om te streef na

gehoorsaamheid aan God moet lewe: “De navolging van Jezus moest nu midden in die wereld geleefd worden”. Navolging ken ook pyn en lyding: “Navolging is gebondenheid aan de lijdende Christus. Daarom is het lijden van de christenen niet iets verwonderlijks” (Bonhoeffer, 1968:70).

die ideale situasie. Drie sulke riglyne is die *Christelike betrokkenheid, barmhartigheid* en *groei.*

'n Mens kan nie in God glo sonder om uit te reik na ander mense nie (Burggraeve, 2000:198). Burggraeve (2000:81) se verstaan van 'n *Christelike betrokkenheid* is gebaseer op die sentrale liefdesgebod. Die eerste teken van God se liefde is dat Hy lewe gee (Burggraeve 2000:48). *Lewe is derhalwe kernbelangrik in die etiek.* Lewe kan met God se liefde geassosieer word. Die reaksie op God se liefde veronderstel 'n totale verandering van die mense se uitkyk en gedrag (Burggraeve, 2000:52). Dit behoort die mens se etiese gedrag te beïnvloed ten opsigte van ander mense. *Barmhartigheid* is deel van hierdie etiese betrokkenheid. Hierdie barmhartigheid sluit barmhartigheid teenoor die lewe in (Burggraeve, 2000:107). Burggraeve (2000:196) definieer barmhartigheid as etiese moederskap. Uit die gelykenis van die barmhartige Samaritaan leer 'n mens wat etiek is en hoe om eties op te tree (Burggraeve, 2000:118ff). Deelname is deel van die etiese lewe en veronderstel betrokkenheid en verantwoordelikheid (Burggraeve, 2000:122).

In 'n onvolmaakte wêreld moet 'n mens aanvaar dat die gewenste etiese gedrag nie altyd moontlik is nie. Alhoewel 'n mens na die absolute goed (*vere bonum*) strewe moet 'n mens dikwels met die kleiner goed (*minus bonum*) tevrede wees. Die kleiner goed is 'n verbetering op die minste euwel (*minus malum*) (Burggraeve, 2000:257). Situasies kan hulle voordoen wat nie die ideaal is nie (byvoorbeeld saamwoon eerder as om te trou), maar in hierdie situasie wil mense steeds eties leef (wat is die etiese gedrag vir saamwoon?). Dit is die basis van 'n groei-etiek. 'n Mens groei na die ideale situasie. 'n Groei-etiek verteenwoordig die kleiner goed (*minus bonum*) (Burggraeve, 2000:259). Dit begelei 'n mens om die evangeliese eise na te kom.

> Het menselijk gebrek en tekortschieten kan nooit verheven worden tot criterium van wat ethisch goed en sclect is. Dit beteken echter niet dat wij in de concrete begeleiding van mensen op weg naar een ethisch zinvol leven en handelen met hun zwakheid en grenzen geen rekening moeten en mogen houden. Hiertoe introduceren wij het begrip van het 'kleiner goed' (minus bonum). Dit concept wil het midden houden tussen het 'kleinste kwaad' (minus malum) en het 'volle goed' (vere bonum). In bepaalde situasies, waar het gedrag niet beantwoordt aan de norm of het wenselijke, het liefdevolle, beroept men zich op het concept van het 'kleinste kwaad' om in geval van ethische afwijking toch nog een minimum aan menselijkheid te garanderen (Burggraeve, 2000:257).

’n Groei-etiek verwerp nie iemand wat nie nou by die ideale omstandigheid kan uitkom nie maar help juis so ’n persoon om op die lang duur daarby te kan uitkom (sien Burggraeve, 1997:147). Burggraeve gebruik die voorbeeld van Bosniese vroue wat verkrag is en toe aborsies gehad het. Hoewel ’n mens nooit die vernietiging van ongebore lewe kan goed praat nie, het hulle in hierdie omstandighede geen ander uitweg gehad nie. Kan hierdie vroue nou verwerp word? Die ideale situasie is om alle lewe te beskerm (absolute goed = *vere bonum*), maar waar verkragting ter sprake is, kan dit nie ondersteun word nie. Die etiese uitdaging is om barmhartig in hierdie situasie te wees en hulle daardeur eties te begelei sodat hulle kan groei om die absolute goed na te streef wanneer hulle weer met ongebore lewe te doen het (sien Burggraeve, 1997:146-148).

Die waarde van ’n groei-etiek is voor die hand liggend. Groei-etiek verkondig dat iemand altyd na die ideale situasie moet strewe (byvoorbeeld om nie ongebore lewe te vernietig nie). Groei-etiek erken ook dat dit nie altyd moontlik is nie (byvoorbeeld as gevolg van verkragting). Dit beteken nie dat die persoon veroordeel moet word nie (dus geen vergiffenis nie). Inteendeel, die mense in sulke situasies moet juis begelei word om die etiese gedrag te openbaar wat God van ’n mens verwag (groei-etiek).

Burggraeve (1997:146) sê dat daar vir die kerk ’n belangrike opdrag is as dit kom by die uitleef van ’n evangeliese etiek vir mense in nood. Hy skryf:

> Wat wij als Kerk misschien veel te weinig doen, is binnen het spreken over barmhartigheid, ook een ethiek van barmhartigheid te ontwikkelen, een ethiek van het haalbare voor gekwetste mensen, die het radicale, het wenselijke niet aankunnen.

## 8. Bespreking

Die belangrikheid van Burggraeve se etiese ontwerpe is sy klem op etiese gedrag selfs vir situasies wat nie die verlangde situasie is nie (“etiek van die haalbare”) en dat mense ook deur die krisis van ’n situasie moet groei (deurgroei) na omstandighede so na as moontlik aan die ideale omstandighede. Nog pluspunte is sy klem op barmhartigheid in die etiek en dat die keuse wat in onvolmaakte situasies gemaak word wel ’n element van goed in het (*minus bolum*). Die klem val dus nie net op negatiewe konstrukte soos die minste euwel (*minus malum*) nie.

Dat die etiek van die haalbare en groei-etiek die kompromie vervang (hoewel Burggraeve dit nie skryf nie maar dit maklik so geïnterpreteer kan

word) oortuig nie. Trouens, nie een van hierdie etiese figure kan mekaar vervang of as sinonieme naas mekaar gestel word nie. In die etiek universum het elkeen van die etiese figure eerder ’n eie plek en kan in harmonie mekaar sinvol ondersteun om juis gesamentlik die beste keuse en handeling in grenssituasies te wees.

Die krompromie funksioneer binne ’n grenssituasie waar daar geen ander keuse is as om die minste euwel (*minus malum)* te kies nie. Die norm waarvoor in die grenssituasie gekies word, verteenwoordig die kleinste goed (*minus bolum*). In ’n grenssituasie is die aanwesigheid van euwels ’n realiteit – dit kan nie weggeredeneer word nie. Burggraeve se etiek van die haalbare sluit grenssituasies in en is nie beperk tot of sinoniem met grenssituasies nie. Die Bosniese vroue se aborsies na verkragting is ’n grenssituasie. Studente wat saamwoon [en nie (nou) wil trou nie] beleef nie ’n grenssituasie nie – hulle kan trou as hulle wil / moet. Die etiek van die haalbare maak dit wel duidelik dat daar steeds etiese riglyne moet wees – vir grenssituasies en omstandighede wat nie aan die beginsel(s) vir die situasie voldoen nie. Die waarde van die etiek van die haalbare vir die grenssituasie is dat die grenssituasie nooit waardevry is nie.

Waar Burggraeve se groei-etiek of deurgroei-etiek wel ’n belangrike rol speel, is dat die mens in ’n grenssituasie ook vanuit die grenssituasie na ’n normale situasie moet groei. Nadat die keuse ten gunste van die minste euwel gemaak is (kompromie), bestaan die grenssituasie nie meer nie en moet die persoon/lidmaat ook in die uitleef van die kompromie keuse begelei word. *’n Groei-etiek is dus onontbeerlik.* Burggraeve se aksent van barmhartigheid in ’n groei-etiek vergestalt die evangeliese oproep om by mekaar se lewens sinvol betrokke te wees.

Dit is belangrik om daarop te let dat minste euwel en kleinste goed nie in kwalitatiewe sin verstaan moet word nie maar in die sin van “verhouding tot”. Minste euwel beteken dat waar tussen potensiële euwels gekies moet word, die euwel gekies word wat die minste skade maar die meeste liefde beliggaam. As al die potensiële euwels teen mekaar opgeweeg word, dan is die euwel waarvoor gekies word die minste euwel in verhouding tot die ander euwels. Kleinste goed beteken nie dat daar nie enige goed in die keuse is nie, maar dat dit nog nie so goed is as wat ’n mens dit wil hê nie. Kleinste goed beklemtoon dat ’n element van goed wel aanwesig is, terwyl die uitdrukking “minder goed” ’n negatiewe belading het en nie dieselfde gevoelswaarde beliggaam nie. In verhouding tot dit wat goed in die situasie is, is dit kleiner as wat ’n mens sou verlang het.

Die indruk moet vir geen oomblik gewek word dat dit net híérdie drie etiese figure is wat etiese dilemmas kan aanspreek nie. Hierby kan ander

figure soos byvoorbeeld *verantwoordelikheid* genoem word. Van Niekerk (2006:214-217) sê dat ’n etiek van verantwoordelikheid rekenskap van etiese besluite vra en Remans (2005:31) dat ’n mens net verantwoordelik kan wees as ’n mens in die posisie is om dit te doen. As ’n mens is, dan is daar ’n *verpligting* om met verantwoordelikheid op te tree. Vir Van Niekerk is verantwoordelikheid die middeweg tussen ’n onbuigsame reëlmoraliteit en die utilitarisme wat alle etiese reëls as onbelangrik ag en dit summier wil ignoreer. Vir Remans kan ’n mens nie moreel lewe sonder om verantwoordelik te wees nie. Binne die gesprek hierbo gevoer, kan die verantwoordelikheidsetiek help om die kompromiebesluit te beoordeel. Die verantwoordelikheidsetiek kan verder die groei-etiek en die haalbaarheidsetiek voortdurend begelei, sodat konsekwent na die verwagte norm vir die situasie gesoek word.

## 9. Samevatting

Die lewe is nou maar eenmaal kompleks: die goed en die kwaad. Elke mens beleef dit in sy/haar lewe. Een van die grootste ontdekkings van hierdie kompleksiteit van die lewe is dat die lewe self nie ’n kleedrepetisie is nie maar die ware vertoning[6]. In hierdie vertoning van die lewe moet elke mens elke situasie hanteer – ook die grenssituasies waar ’n mens onvermydelik met euwels te doen het. Hoewel die keuse vir die minste euwel niks anders is as ’n verleentheidstaal nie, moet ’n mens in die aangesig van die gebrokenheid van die werklikheid bly handel, al beteken die keuse nie die keuse wat ’n mens andersins sou gemaak het nie.

Hierdie gebrokenheid van die lewe maak ’n mens intens bewus van dat wie onder die beheer van God wil lewe, nie anders kan as om altyd te bly vra na God se beginsel vir hierdie situasie nie. Wanneer die beginselpositivering nie ’n moontlikheid is nie, dan hou ’n mens nie op met lewe nie. Inteendeel, ’n mens bly groei in die lig van die Woord se etiese beginsels sodat ’n mens opgewasse die kleedrepitisie van die lewe kan uitleef.

Die verstaan hiervan is ’n persoonlike insig en kan ook ’n wetenskaplike verstaan wees. Job ontdek dat “sy wetenskap” te beperk is om die “wetenskap van God” te verstaan. Die menslike rede het sy limiete. Die insig in die gemengdheid van die lewe het ook sy limiete. Dit besef hy eers nadat hy nie op God se vrae kon antwoord nie. Maar ten spyte hiervan bly

6 Die opmerking herinner aan die Nederlandse spreuk: “Van het concert des levens krijgt niemand een program.”

’n mens leef met blydskap in die hart. Paulus bevestig dit in sy Fillipense brief (Fillipense 4:4).

Danie Strauss plaas die lewe binne die konteks van God se Koninkryk. Binne die koninkryk gaan dit oor ’n gehoorsaamheid aan God se wil. Waar mense strewe om volgens hierdie wil te bly leef, ongeag wat hulle doen, daar het God se koninkryk gekom (Strauss, 1989: 10).

Dit is vir hierdie insig dat ek hom persoonlik dankbaar is en dat hy daarmee ook ’n studie-onderwerp uitgewys het wat die moeite werd bly om te ondersoek!

*A teacher affects eternity; he can never tell where his influence stops* – Henry Adams.

## Bibliografie

ALBOM, M. 2000. *Tuesdays with Morrie.* London: Warner Books.

BADARACCO, J.L. 1998. *Business ethics: roles and responsibilities.* New York: McGraw-Hill Companies.

BONHOEFFER, D. 1968. *Navolging.* Amsterdam: W. Ten Have N.V.

BURGER, C. 2005. *Ontmoetings met die lewende God*. Wellington: Bybelkor.

BURGGRAEVE, R. 1997. Een christelijke ethiek van het haalbare. In: Wuyts, B. (Red.), *De geest rust nooit: Gelovigen in beweging.* Kapellen: Patmos. 143-152.

BURGGRAEVE, R. 2000. Ethiek en passie. Over de radicaliteit van christelijk engagement. Tielt: Lannoo.

DU TOIT, B. 2005. Sprakeloos oor God. Wellington: Lux Verbi BM.

DOUMA, J. 1983. *Verantwoord handelen.* Kampen: Uitgeverij Van den Berg.

FISHER, J.E. 2002. The practice and purpose of teaching business ethics. In: Lategan, L.O.K. and Le Roux, P. (Eds.), *Business Ethics.* Bloemfontein: Tekskor. 93-101.

GRACE, D. & COHEN, S. 1995. *Business ethics: Australian problems and cases.* Melbourne: Oxford University Press.

HEYNS, J.A. 1982. *Teologiese Etiek. 1.* Pretoria: NGKB.

LATEGAN, L.O.K. 1992. *Die kompromie in medies-etiese dilemmas.* Ph.D.-proefskrif. Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

LATEGAN, L.O.K. 1995. *Die kompromie in pastoraal-etiese perspektief.* D.Th.-proefskrif. Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

LATEGAN, L.O.K. 2002a. ’n Kritiese evaluering van die kompromie as etiese figuur in die teologiese etiek van J. Douma, J.A. Heyns, S.J. Ridderbos & W.H. Velema. *Acta Theologica,* 22(1): 57-76**.**

LATEGAN, L.O.K. 2002b. Die kompromie in die etiek: Méér as net ’n besluitnemingsfiguur in die etiek. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif,* 43(3&4): 478-486.

LATEGAN, L.O.K. 2006. Die kompromie in etiese perspektief. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 42(3): 111-125.

MAUTNER, T. 1997. *Dictionary of Philosophy.* London: Penguin.

NAUDÉ, P. 2005. *Geesgedrewe gelowiges.* Wellington: Lux Verbi BM.

REMANS, J. 2005. *De boom van goed en kwaad: Over bio-etiek, biotechniek, biopolitiek.* Leuven: Acco.

RIDDERBOS, S.J. 1955. *Compromis.* Kampen: Kok.

RIDDERBOS, S.J. 1975. *Ethiek van het liefdesgebod. Compromis / Tragiek.* Kampen: Kok.

ROBBINS, S.P., BERGMAN, R., STAGG, I. & COULTER, M. 2003. *Foundations of Management.* Frenchs Forest: Pearson Education Australia.

STRAUSS, D.F.M. 1969. *Wysbegeerte en vakwetenskap.* Bloemfontein: Sacum

STRAUSS, D.F.M. 1980. *Inleiding tot die Kosmologie.* Bloemfontein: Sacum

STRAUSS, D.F.M. 1989. *Die mens en sy wêreld.* Bloemfontein: Tekskor.

SMIT, J.H. 1985. *Etos en Etiek*. Bloemfontein: Patmos.

THIELICKE, H. 1979a. *Theological Ethics. Volume 1: Foundations.* Grand Rapids: Eerdmans.

THIELICKE, H. 1979b. *Theological Ethics. Volume 111*. Grand Rapids: Eerdmans.

VAN NIEKERK, A.A. 2006. *Geloof sonder sekerhede: Besinning vir eietydse gelowiges.* Wellington: Lux Verbi B.M.

VELEMA, W.H. 1968. Grenzen en gestalten van het Compromis. *Theologia Reformata,* 11: 147-162.

VELEMA, W.H. 1976. *Ethiek en Pelgrimage.* Amsterdam: Ton Bolland.

VELEMA, W.H. 1990. *Oriëntatie in de Christelijke ethiek.* ’s-Gravenhage: Boekencentrum.

VELEMA, W.H. 1987. *Wet en Evangelie.* Kampen: Kok.